# 30 Mei - HULP

**Skrifgedeelte: Psalm 146**
**Fokusgedeelte: Psalm 146:3-6**

Hulp is iets waarvan almal van ons afhanklik is. Wanneer jy hulp nodig het en 'n helper kry wat jou regtig kan help, kry jy groot innerlike vrede. Vind jy nie 'n helper nie, word jy onrustig en lyk die lewe donker.

Waar kan ons 'n geskikte helper vind? Ons kan ons hulp óf by die Here óf by mense soek.

Psalm 146 leer dat dit gevaarlik is om op mense vir hulp te vertrou. In verse 3 en 4 word geleer dat alle menslike hulp feilbaar is. Mense op wie jy vir hulp vertrou, kan sterf, en waar is jou hulp dán? Mense hoef nie eers te sterf nie. Alle mense begaan foute en stel ander teleur. Wat daarvan as die een op wie jy vertrou 'n fout begaan en jou teleurstel – waar is jou vrede dán?

Hulp wat die Here verleen, is anders as dié wat van mense kom. Hy is nie feilbaar nie. Hy is die Here wat hemel en aarde gemaak het. Hy is almagtig. As God van Jakob is Hy in Jesus Christus ons hemelse Vader. Deur sy Gees kom Hy ons swakheid te hulp (vgl. Rom 8:26-28). Sy Gees bid vir ons wanneer ons swak is. God hoor die gebed van die Gees en laat alles ten goede meewerk vir hulle wat op Hom vertrou.

Psalm 146 is 'n lofpsalm. Lofprysing het deels ten doel om ons te laat onthou hoe anders God as ons is. Psalm 146 skerp ons op om te onthou dat God se hulp anders is as dié van mense. Hy het die hemel en aarde geskape. Hy bly trou tot in ewigheid. Hy faal nooit nie.

In hierdie wete vind ons ons vrede vir hierdie lewe waarin ons sonder hulp nooit oor die weg sal kan kom nie.

*Sing: Psalm 146:1, 2, 3, 8 (1936-beryming)* *Dr JA Erasmus (Odendaalsrus)*